## Les 07 GELIEFDE KINDERS: GOD HOU ONS ALTYD EN ORALS IN SY LIEFDE

### 1. Die eerste gebod

Die Here wys ons hoe ons Hom moet liefhê deur Sy wet. Die eerste gebod in die Tien Gebooie klink só: *“3 Jy mag naas My geen ander gode hê nie.”* Die taal waarin die eerste deel van die Bybel, die Ou Testament, geskryf is, was nie Afrikaans nie. Dit was Hebreeus. Al die tale waarin die Bybel gelees word, is alles maar net vertalings uit die eerste taal waarin die Bybel geskryf is: Hebreeus. In hierdie taal lyk die eerste gebod só:

לֹא יִהְיֶהלְךָאֱלֹהִימאֲחֵרְמעַל־פָּנָיַ

Die klanke in Afrikaans sal so klink: “loo je-ê lega eeloohiem agariem al panaja”. As ons hierdie sin net so vertaal soos dit in die Hebreeuse taal staan, dan klink dit so: “Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie.”

### 2. Net God is God

In hierdie gebod sê God dat nét Hy God is. Daar is glad nie so iets soos ander gode nie. Nét God is God. Daar kan glad nie so iets wees soos twee, drie, vier of baie ander gode nie. Nét God is God, en Hy is alleen God.

God het op Sy eie en alleen, alles gemaak. Die hele aarde, die hele see, al die planete, al die sonnestelsels, al die sterrestelsels – alles wat ons van weet en nog gaan uitvind – nét God alleen het dit gemaak. Niemand anders nie.

Nét God alleen het alles wat lewe gemaak. God het al die oerplante, al die dinosourusse en al die oerdiere gemaak waarvan ons nou nog al die fossiele in die riviere en modderstene ontdek. Nét God het die mens gemaak. Niemand anders het saam met Hom al die planne gemaak of Hom gehelp om alles wat leef, te maak nie.

Daar is nie so iets soos ander gode wat ook vir God gehelp het om alles te maak, of iets van hulle eie gemaak het nie. Nét God is God. Hy alleen is die Skepper van alles.

### 3. Nét God het Sy geliefde kinders verlos

Kyk wat sê die Here in die Tien Gebooie: *“Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.”* Wie het die Here se kinders in Egipte van die mag van die Farao verlos? Wie het al die plae oor Egipte gebring? Wie het Sy kinders op droë grond deur die vleie laat trek en die winde só laat waai dat die soldate van die koning in hierdie vleie verdrink het? Nét God. Niks en niemand anders nie.

Al die gode wat Egipte en al die ander mense gedink het, is gode – was sommer net prentjies en drome in mense se gedagtes. Hulle beelde het net so stil en stom daar in hulle tempels gestaan. Nét God is die Here wat dit laat reën en die Nylrivier laat afkom deur die woestyn. Bytmuggies, paddas, sprinkane en steekvlieë luister nét na God. Niemand anders nie. Nét God laat siektes oor diere en mense kom. Nét God laat dit hael en donker word. Alles net om Sy kinders te help en te sorg dat hulle vry kan wees van die mag van mense wat hulle wil misbruik vir al hulle simpel drome en planne.

**4. God is altyd saam met Sy geliefde kinders**

Die eerste gebod praat van God se ‘aangesig’. Dit beteken nie dat God regtig ’n gesig soos mense het nie. Dit beteken net God is elke dag die héle dag saam met Sy kinders. Nét God sorg elke dag vir alles wat Sy kinders nodig het. Niemand anders is sáám met God, God vir Sy kinders nie.

Dis net soos met ouers en kinders: ouers is áltyd saam met hulle kinders terwyl hulle nog kinders is. Hulle hou hulle kinders altyd by hulle sodat hulle altyd hulle kinders kan liefhê. God is áltyd, órals by Sy kinders om hulle altyd lief te hê. God laat nooit Sy kinders alleen nie. God gaan nooit van Sy kinders af weg nie.

**5. Die eerste gebod wys ons moet aanvaar God is áltyd, órals met ons**

Dit is hoe die eerste gebod wys dat ons die Here moet liefhê: ons moet altyd weet en aanvaar Hy is met ons, by ons, en niks en niemand kan ons ooit van Sy liefde skei nie.

Die manier waarop ons Hom moet liefhê – is om altyd te weet en te aanvaar dat Hy altyd orals saam met ons is, en ons altyd binne Sy liefde hou.

Hoe gehoorsaam ons die eerste gebod?

| |
|---|
| Ons gehoorsaam die eerste gebod wanneer ons altyd erken, aanvaar en glo dat ons áltyd en órals binne-in God se liefde leef. Hy alléén is God wat altyd en orals saam met ons is. |

Dit is hoe ons die Here moet liefhê. Liefde vir die Here is om te weet, te aanvaar en te glo dat Hy altyd en orals met ons is, en dat Hy ons altyd en orals deel van Sy liefde laat wees. Net Hy, en niemand anders nie, sorg altyd en orals vir ons en is vir ons goed. Liefde vir God beteken ons wil hê God moet só by ons wees, soos Hy altyd by ons ís.

**6. Israel wil baas wees, daarom maak hulle asof God weg is**

Israel wil nie die Here liefhê nie. Hulle wil baas wees net soos wat die Farao die baas was van al die afgode wat mense in Egipteland gemaak het. Kyk hoe maak hulle hulleself baas: *“Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het die volk rondom Aäron versamel en vir hom gesê: Kom, maak vir ons gode*

*wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie."* (Eksodus 32)

Net toe Moses weggaan om die Tien Gebooie te gaan haal by die Here, kom al die mense en sê vir Aäron hulle wil gode maak omdat Moses weg is.

Sien julle hoe snaaks maak hulle! Hoekom moet hulle gode maak omdat Moses weg is? Kyk wat sê hulle van Moses: Móses is die man wat hulle uit Egipteland laat wegtrek het!

Hulle maak nou asof dit Móses is wat die tien plae oor Egipte gebring het. Hulle maak asof dit Móses is wat met die wind die vleie drooggemaak het en weer vol water gemaak het sodat die soldate kan verdrink. Hulle maak asof dit Móses is wat gemaak het dat die wolke hulle op die regte pad uit Egipte gelei het.

Hulle maak asof God binne-in Moses is, en Moses vol van die krag van God is. Nou verander hulle alles wat God gedoen het. Nou is dit nie meer God wat die water in bloed verander het nie. Hulle maak nou asof dit Móses is wat vol van God se krag is, en Móses se kierie is wat God se krag vrystel.

Kyk hoe skelm is hulle bygeloof en afgodsdiens. Hulle maak asof Moses vol van God se krag en mag is. Hulle maak asof God Sy krag en mag deur Moses laat werk het. En nou? Nou is Moses weg! En as Moses vol van God se krag en mag was, en hy is nou weg, dan maak hulle asof God óók nou sommer weg is.

Hulle maak asof God hulle nou gelos het en weg is. Daarom moet hulle nou gode maak wat hulle kan help – want God is weg! God het weggeloop en hulle alleen gelos!

Het God hulle régtig gelos en weggeloop? Nee, hulle máák maar net asof dit só is! Hoekom maak hulle so? Kyk weer hoe hou hulle kerk: *"Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan."* Hulle maak asof God weg is, sodat hulle losbandig tekere kan gaan net soos hulle wil.

As God weg is, is húlle baas!

### 7. Ons mag nie maak asof God weg is nie

Hoe moet ons God liefhê? Ons moet nooit maak asof Hy weg is en ons alleen gelos het nie. Dit is net soos met ouers. Wat gaan julle doen as julle ouers julle alleen los by die huis en sonder julle gaan vakansie hou? Julle gaan maak asof júlle die baas in die huis is. Julle gaan alles doen wat julle ouers nog altyd gesê het julle móénie doen nie. Julle gaan TV kyk en na prente kyk wat hulle gesê het julle mag nie kyk nie. Julle gaan alles eet wat julle nie mag eet nie, en julle gaan alles drink wat julle nie mag drink nie.

Hoekom? Want as hulle julle los en wegloop – is júlle mos nou baas van die huis. Dit is hoe mense met God wil maak. Hulle wil maak asof God weggeloop het en asof hulle vir hulleself moet sorg.

**8. Ons mag nie maak asof God in mense is, en deur mense werk nie**

Hoe het die Israeliete gemaak asof God weggeloop het? Hulle het gemaak asof God binne-in Moses is en al God se krag deur Moses gewerk het. En as Moses weggaan, dan moet hulle mos nou glo God is óók weg!

Dit is hoe mense vandag nog steeds maak asof God weg is.

Hulle maak asof God binne-in mense is. Hulle sê mense moet hulle harte en lewe vir God oopmaak, en dan kom God binne-in mense, en dan bly God sommer binne-in mense. Hulle sê dat as God binne-in mense bly, hierdie mense God se krag kry. Hulle sê hierdie mense maak ander mense gesond. Hierdie mense doen wonderwerke. Hierdie mense bring ander mense naby die Here – want God se krag werk deur hierdie mense wat God in hulle lewe het.

Hoekom maak hulle asof God binne-in mense se harte en lewens is, en God se kragte deur hierdie mense werk? Want as hierdie mense dan huis toe gaan – dan kan hulle tekere gaan soos hulle wil. God is mos nét by hulle en God kan mos nét vir hulle sorg as hierdie mense met God in hulle lewe, naby hulle is. As hierdie mense net soos Moses weggaan – dan is God weg.

Kyk 'n bietjie om julle rond – al die mense wat tekere gaan soos hulle wil, glo God het weggeloop en hulle alleen gelos. Dit is wat ons ook baiekeer sommer gou-gou wil glo: God is nie meer by my nie, God het my nie meer lief nie, God sien my nie meer raak nie – daarom kan ek tekere gaan soos ek wil.

Die manier waarop ons God moet liefhê, is om nóóit te glo dat Hy binne-in mense is nie. Hy is altyd en orals sélf by ons – sonder mense wat naby ons is. Die manier waarop ons God moet liefhê, is om altyd te weet, te erken en te glo Hy hou ons binne Sy liefde vas, en niks kan ons van Sy liefde skei nie. Ons kry nie die Here se liefde deur ander mense wat naby ons is omdat God binne-in hulle is nie. Die Here het ons sélf lief. Sy liefde kom nie deur ander mense na ons toe nie. Die manier waarop ons die Here liefhet, is om te weet, te erken en te glo dat Hy met al Sy wondermag waarmee Hy elke dag alles maak en onderhou – vir ons goed is. Ons mag nie maak asof daar spesiale soort mense is waardeur God se krag werk nie.

**9. Wie maak asof God binne mense is, wil baas wees**

Mense wat maak asof God binne hulle is en deur hulle Sy kragtige werk doen – wil die Here nie liefhê nie. Dit is net soos die Israeliete met die goue kalf gemaak het. Hulle wil nie glo dat die Here al die plae met Sy krag bewerk het, hulle deur die krag van wind en wolke gelei en beskerm het nie. Hulle wil glo dat daar mense is deur wie God werk – sodat as hierdie mense weg is, hulle kan glo en maak asof God weg is. Dan kan hulle maak en breek soos hulle wil

– want hulle kan mos nou glo God is weg saam met hierdie mense binne wie Hy is, en deur wie Hy gewerk het.

**10. Opdrag**

Gaan vertel vir enige grootmens – God wys ons dat ons altyd en oral binne Sy liefde leef – en mos mag nie maak asof ménse God naby ons bring nie. Dan vertel julle hoe het Israel gemaak asof God weg is omdat Moses weggegaan het.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog